

# SKITTERENDE STERRE

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 2,8 kg wit DMC Cébélia Nr. 10, hekelpen van 1,25 mm.*

**MATE:** *Ongeveer 260 cm breed en 280 cm lank.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spasie(s); st(e) – steek(steke); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.*

**Spasie:** 1lb om te begin, * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.

**Blokkie:** 1lb om te begin, * 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om blk te voltooi.

**AANWYSINGS:** Die sprei word saamgestel uit filetstroke wat oorlangs aanmekaargewerk word. 'n Klein rand word dan aangehekel.

**Eerste strook:** Begin met 99ks, draai, plaas 1e lb in 9e ks vanaf hekelpen, hekel filet-sps tot einde.

Draai altyd met 5ks.

Volg diagram en hekel voort tot strook 280 cm lank is.

Hekel nog 15 sulke stroke en werk hulle oorlangs aanmekaar.

**OMRANDING:** Hekel om 2 lang kante en 1 kort kant soos volg:


**1e ry:** 1kb in sp, 7ks, slaan 1 sp oor tot einde van 3e kant, draai.

**2e en 3e ry:** 1kb in 7ks-sp, 7ks; herh tot einde.

**4e ry:** * 5ks in 7ks-sp, 1kb in kb, ** 1hlb, 5lb, 1hlb in vlg 7ks-sp **; herh van ** tot ** 3 keer, dan van * tot einde.

Knip gare af en werk netjies af.

## DIAGRAM VIR STROOK MET STERRE



☐ – spasie

☒ – blokkie

Begin